

Inhoud Hierdie preek wys dat jy nie jou eie baas kan wees en aan Jesus Christus kan behoort nie. Wie hulle eie baas wil wees, doen dit om in dit wat hul vir hul self verkry sekuriteit vir hul lewe te vind. Wie sekuriteit in hul besittings vir die lewe vind, leef in angste oor die kwaad in die wêreld. Christene behoort aan die Here en dien Hom in die sekuriteit van sy sorg en daarom bekommer hulle nie oor die kwaad in die wêreld maar is hulle besorg oor hulle dienswerk van elke dag.

Skriflesing Matteus 5: 17. 18. 20; 6: 24 – 34; 28: 18, 20.

Teks Mat. 5:24 “Julle kan nie God en Mammon dien nie.”

Tema Ons behoort aan en dien die Here Jesus

1. Waarin lê ons sekuriteit vir en in ons lewe: in Hom wie ons dien of in dit wat ek self verdien? Die sekuriteit wat ons vir ons lewe het maak die verskil tussen twee soorte lewenswyses – angstigheid oor moeilikheid teenoor sorgsame diens in moeilikheid.

In hierdie woorde van die Here beteken moeilikheid nie inspanning nie, maar gaan dit oor die kwaad wat mense jou en jou lewe wil aandoen.

Hoe leef ons in elke dag se dreigende kwaad en kwaadwilligheid om ons: angstig of gefokus besig met dienswerk?

Die Here wys ons die verskil in hierdie twee lewenswyses lê in die vraag: “Wie is jou Baas?” ’n Baas is baie meer as net ’n werkgewer. Ten spyte van die negatiewe sosiale opvattinge in ons gemeenskap oor die woord “baas” het die 2020 Bybelvertalers steeds die woord “baas” hier behou juis omdat dit meer is as net om ’n werkgewer te wees. ’n Baas is iemand wat jou besit en wie se eiendom jy is, wie se lyfkneg jy is soos ons dit in die ou Europese feodale stelsel ken.

Só?

Watter Baas dien jy? Dien jy Jesus Christus as jou Baas, jou Here, of dien jy Mammon?

2. Wat is Mammon en hoe dien jy Mammon? Daar was nie ’n afgod met die naam “Mammon” nie.

Daarom moet ons versigtig wees om dit as ’n afgod of geld as afgod te probeer uitwys. Daar is niemand in die gemeenskap wat vir jou sal sê: “Ek dien geld”, of “Ek is lojaal aan geld” of “Ek is lief vir geld” nie. Niemand glo of leef só nie.

Hoe mense Mammon as Here dien, klink só: “Ek is my eie Baas, ek sorg vir myself en wat ek het, het ek gekry omdat ek vir myself sorg.”

Wie met hierdie geloof en lewenshouding leef – dien Mammon!

Ons behoort aan en dien die Here Jesus

Ons mag nie hierdie geloof en houding verwar met die natuurlike wil om selfstandig en verantwoordelik vir jou self te wees nie. Die natuurlike wil “ek sal self” is nie ’n ondeug, iets slegs of sondig nie. Dit sien ons in die ontwikkeling van pleuters. Hulle wil self en ons wil ook dat hulle self sal verantwoordelik sal wees.

Die geloof en lewenshouding “Ek is my eie Baas en sorg vir myself”, is iets anders. Dit is die geloof dat jy aan jouself behoort en jou eie eiendom is.

3. Waarvoor sorg mense self wat glo hulle is hulle eie baas?

Het u al ooit só iets gehoor dat iemand verklaar hy is sy eie baas en daarmee bedoel hy sorg self dat hy volgens die regte waardes leef en hy sorg self om liefdevol en diensbaar teenoor God en mense te leef?

Dit is die besondere openbaring in die woorde van die Here in hierdie Skrifgedeelte. Met die geloof dat mense hulle eie baas is en vir hulle self sorg, sorg hulle altyd vir eie kos, eie klere, eie huis, eie kar, eie vroue en eie kinders. Hulle sorg vir “my en myne.”

Die Here wys dat mense wat sekuriteit vind in wat hulle besit, hulle self, hul gesin en eiendom, angstig leef. Dit is die betekenis van die woord “bekommerd” in hierdie gedeelte: om angstig te wees oor alles wat jou selfingenome houding dat jy baas is en self sorg bedreig. Dit is ’n lewensangs oor wat van jou as mens gaan word as jou verdienste bedreig word. ’n Lewensangs oor kos, klere, huis en karre omdat jou sekuriteit in jou verdienste lê.

Ons moet hierdie angste oor die lewe uit ’n geloof en ingesteldheid dat ek self baas is, onderskei van angste as sielkundige siekte. Die angstigheid oor die lewe omdat jy jouself besit en in alles in beheer wil wees, is nie ’n sielkundige siekte nie. Dit is angste uit ’n selfgeloof en lewenshouding dat jy aan niks en niemand behalwe jouself behoort nie.

4. Wie só glo en só leef “Ek is my eie baas”, kan nooit ’n Christen wees en Christelik leef nie!

Dit is die openbaring in die aankondiging van die Here: “Jy kan nie God en Mammon dien nie!”

Wie só leef – ek is my eie baas – haat Christus, is dislojaal aan Christus en dien nie vir Christus as Here nie. Want geen mens kan twee base dien of twee base hê nie. Jy kan nie Christus as Baas hê en jou eie baas wees nie, want Christus as Here, as Baas, skep in ons ’n totaal nuwe lewenshouding as om vir ons self te sorg. Die Here skep in ons die lewensingesteldheid dat ons soek na die geregtigheid van die Here Jesus Christus se koninkryk.

Wat is die geregtigheid van Christus die Here se koninkryk?

Christus se geregtigheid is dat Hy my en my diens vir God reg maak en reg laat wees, ten spyte van wie ek as sondaar is en die gebrokenheid van my diensbaarheid aan God. Christus het gekom (Mat. 5: 17) deur sy lyding, kruisiging, dood en

Ons behoort aan en dien die Here Jesus

opstanding om ons vir God en sy diens beteken reg te maak. Deur ons met wat Hy vir ons doen reg te maak en reg te laat wees, is ons meer reg as die vroomste, gehoorsaamste en toegewydste Jood.

Hulle maak hulle self met hul gehoorsaamheid en toewyding regverdig, terwyl Christus ons ongeregtheid dra en ons insluit in sy geregtigheid.

Só is Christus die Here, die Baas! Hy laat my met al die mag wat Hy as Christus en Here het (Mat. 28:18) reg wees vir God en laat ons met Hom as God leef. (Mat. 28:20) Só skep die Here ook in ons die geloof ek is regverdig – reg vir God se liefde en diens omdat ek aan Jesus Christus my Here behoort. Ek is ingestel om in hierdie geregtigheid waarby Christus my insluit, sy geregtigheid, te leef. Elke geleentheid in my lewe, elke gawe, alle besluite oor my en sy voorsienigheid vir my – is hoe Hy my aan Hom laat behoort en Hom laat dien. Ek behoort nooit aan myself nie. Ek behoort aan en dien Jesus Christus die Here. Net Hy is my Baas! Ek kan nooit my eie baas wees terwyl Hy my Baas is nie.

5. Ons kan hierdie twee teenoorstaande gelowige en lewenswyses met 'n voorbeeld toelig: toe ons nog base was en nie net werkgewers nie. Toe ons nog base was moes jy vir jou werker sorg, vir huisvesting, klere, jy moes hulle vervoer, kos gee en vir hulle kinders skole oprig.

Wat moes die arbeider doen? Hy moes net sorg vir sy dienswerk – hy moes net sorg vir neute optel!

Hierdie voorbeeld wys die verskil tussen om bekommerd te wees en om besorg te wees. Bekommerd wees is wanneer 'n arbeider dit waarvoor die baas sorg, sy eie sorg maak. Dan dink die arbeider aan huisvesting, klere, kos en medies, en dan ook sommerk aan die rand-dollar wisselkoers, die internasionale markte en die olieprys. Bekommernis oor wat die baas voor moet sorg, maak arbeiders angstig, want hulle bekommer hulle oor sake wat nie binne hulle magte is nie. In hierdie angstigheid verloor hulle hul fokus, gemotiveerdheid en toewyding in dit wat binne hulle vermoë is – om hul dienswerk goed te verrig.

Besorgdheid is iets totaal anders. Dit gaan oor 'n arbeider wat verantwoordelikheid en aanspreeklikheid neem vir die neute wat hy vandag moet optel. So 'n arbeider dink aan neute optel – om dit tussen die gras raak te sien, om die slegtes uit te gooi, om die kratte vol te kry, om vinnig gewerk te kry en die kratte by die trekker te kry. Hierdie is diensbaarheid sonder die angstigheid oor dit waarvoor die baas sorg: neut- pryse, geldmarkte en oliepryse.

Besorgdheid gaan oor die sorgsaamheid oor die diens wat ek aan God en mense moet lewer.

Bekommernis gaan oor die besorgdheid oor wat gaan met my gebeur binne al die kwaad wat daar in die gemeenskap is.

Bekommerd wees is die manier waarop mense nie wil besorg wees oor hulle diensbaarheid nie. Bekommernis is niks anders as ontvlugting en ontwyking van

Ons behoort aan en dien die Here Jesus

diensbaarheid nie. Dit is om kamstig beheer te probeer kry oor die dinge wat baie groter en belangriker is as die dienswerk wat ek mee besig moet wees.

Dit is 'n arbeider wat nie die krag het om neute op te tel nie omdat hy worstel met die groot ekonomiese vraagstukke van sy werksposisie.

Christus maak ons kommervry, angsvry, besorg oor ons daaglikse diensbaarheid.

6. Niemand kan ooit twee base dien nie!

Of jy is jou eie baas en jy sorg vir jouself as baas, vir my en myne of God is Baas en Hy sorg vir jou wat Hom dien. Jy kan nie vir Christus respek en liefde vir Christus as Here hê as jy jou eie baas is nie. Want dan is dit jy wat Christus sit waar jy Hom wil sit, op die troon van jou hart, hoof van jou gesin en besigheid of dit is Hy wat jou aanstel waar Hy jou wil hê en jy moet Hom daar as Here dien.

So wie is die Baas? Jy of Christus?

Dit antwoord meteens ook die vraag waarin lê jou sekuriteit vir jou lewe! Lê dit in die Here aan wie jy behoort of in die dinge wat jy as jou eie baas vir jouself voor gesorg het. Dit is twee onversoerbare lewenshoudings. Wanneer jou sekuriteit in die dinge wat jy voor gesorg het, lê, dan moet jy die angstigheid van só 'n lewenswyse aanvaar waar die kwaad van elke dag jou hele lewe bedreig laat voel. Wanneer jy in die geloof leef Hy is die Here wie sorg en dien Hom, dan leef jy moet die fokus op die dienswerk wat vandag gedoen moet word. Ek moet hierdie neute onder hierdie boom vandag optel en ek hoef glad nie oor die wêreldmarkte van vandag en more bekommerd te wees nie.

Ek is vandag besig met my dienswerk wat ek regtig vandag kan doen – dit is die koninkryk van God wat ek soek omdat ek en my lewe en werk vir God reg en goed is. Ek is nie god se groot planne en voorsienigheid besig nie. Ek tel vandag se neute op!

Só leef ons besorg oor ons daaglikse diens en nie bekommerd om vir more se groot dinge te sorg nie.

Want Christus alleen is my Baas, my Here. Ek behoort aan Hom en dien en Hy versorg my. Ek behoort nie aan myself nie. Ek het Hom lief en eer net Hom as Here.

Ek dien nie skynheilig twee base terwyl ek eintlik net my eie baas is nie.